Ark Blitz

Liewe Ouers

Ons het gehoor van Josef wat as verwaande jongman gedink het hy is beter as sy broers. Hy het 'n klomp goed gedoen wat sy broers baie kwaad gemaak het. Ons het gehoor hoe hartseer die verhaal afgeloop het van mense wat elkeen gedink het hulle is belangriker as ander. Dit was 'n familie waar elkeen sy eie ding wou doen.

Les 25 – EK RUIL MY PLAM VIR GOD SE PLAN

Maats lees: Gen 39 - 41

In die stadium was elkeen van Josef se familie so behep met hulle self dat hulle glad nie kon snap dat God hulle deel wou maak van 'n groter en baie opwindender plan as hulle eie Die res van die plannetjies nie. Die res van Josef se lewe speel af in die vreemde, in Egipte. Hy is hier ver van sy huis en sy familie af in 'n vreemde land, 'n slaaf verkoop aan Potifar. Josef was eerlik en betroubaar en sommer gou het hy groot verantwoordelikheid gehad. Potifar se vrou het egter ander planne met Josef gehad. Josef het elke keer geweier om voor haar versoekings te swig. Dus het sy 'n leuen vertel om Josef in die moeilikheid te bring. Potifar het die leuen geglo en vir Josef in die tronk gegooi.

Beteken dit nou dat God se plan misluk het? Miskien lyk dit nou vir jou of God se plan deur Potifar se vrou in die wiele gery is. God se plan is egter te groter as haar leuen en die stinkende donker van 'n tronk iewers in Egipte.

Terwyl Josef in die tronk was, was die Here by hom en alles wat Josef aangepak het,het geslaag. Die tronk bewaarder was hom goedgesind en het vir Josef in beheer geplaas van al die gevangenes. Self in die tronk het God vir Josef gebruik. Alles het gebeur soos Josef die Skinker en die bakker se drome uitgelê het.

Maar die hoof van die skinkers het nie aan Josef gedink nie, hy het van Josef vergeet en Josef sit vir nog 2 jaar in die tronk. **Weer lyk Josef se omstandighede so dat ons maklik kan dink dat God van hom vergeet het en dink dat dit nie die moeite werd is om deel van God se plan te wees nie.** Die farao het een nag 2 ontstellende drome gehad en niemand kon vir hom sê wat die drome beteken nie. Toe onthou die skinker van Josef wat sy droom in die tronk uitgelê het. Josef is uit die tronk gehaal om die farao se drome te verduidelik. Josef het vir die Farao gesê: " Nie ek nie! God gee die goeie antwoorde vir u" Die farao en sy amptenare was so beindruk met Josef se verklaring van die drome en raad, dat die farao besef het God self het vir Josef die wysheid en insig gegee om sy drome te verklaar. Hy het jose aangestel as eerste minister van Egipte. Die farao het sy seëlring aan Josef gegee, hom mooi klere laat aantrek en 'n gou ketting om sy nek gehang. Dit alles het beteken dat Josef 'n belangrike person in Egipte was. **Josef het besef dat God hom gebruik en deur hom werk!**

'n Belangrike werk van die skinker en bakker was om seker te maak die farao se kos is nie vergiftig nie.

Oral in die verhale in die Bybel kan ons Jesus identifiseer. Die bakker en skinker se verhaal laat ons dink aan die nagmaal wat gebruik tot Jesus se gedagtenis.

Maats doen:

* Maak 'n speiale grafiek van Josef se lewe.
* Hoe dink jy het Josef gevoel by elke gebeurtenis.
  1= baie sleg en 1- =baie goed
* Plak kolletjies by elke gebeure en verbind die kolletjies. Verbind die kolletjies.
* Die God-lyn loop ononderbroke.
* Plak 'n ster op die rooi lyn elke keer as jy God in Josef se lewe raaksien.

Wat sien jy? God bly altyd ononderbroke, ns sien of ervaar Homs oms meer as anderkere. Ons gevoelens ry wipplank. (maak 'n grafiek van jou eie lewe